# KONSENTRASIEKAMPE: Herinneringe van Mev M C van Nieuwenhuizen

**Gebore 22 Februarie 1890. Tans Woonagtig in die Louis Trichardt Tehuis in Pretoria-Wes)**

*N. Booyse (RAU — student)*

"My pa Louis la Grange het op hulle erfplaas Grootvlei, distrik Witbank, geboer.

Een oggend het die Engelse soldate daar opgedaag met perde en 'n skotskar. Ons is beveel om die nodigste besittings bymekaar te kry. Ons huis is voor ons oë afgebrand en die diere is doodgekap.

My pa was met beeste op vlug. My Ma was swanger en sy en die twee kleinste kinders kon op die skotskar ry. Ons ander kinders moes loop tot op Lemoenfontein, dit is ongeveer 10 myl ver. By Lemoenfontein het die soldate ons vir 'n week in 'n ronde tent laat woon. Ons het blikkies vleis en mieliemeel gekry en moes buite op 'n oop vuur kos kook. Vir toiletgeriewe is 'n gat gegrawe, wat met sak afgekamp is.

Na 'n week is ons na die kamp in Balmoral, distrik Witbank.

In die kamp het my ma geboorte geskenk aan 'n dogtertjie. My suster woon vandag saam met my in die Trichardt-Tehuis — Mev Gerrie le Roux.

Ek is vandag drie en negentig jaar oud, maar onthou nog baie goed die leed en slegte behandeling in die Konsentrasiekamp.

My niggie was een van die kinders wat in Balmoral se hospitaaltent doodgebrand het terwyl die verpleegsters almal gaan dans het.

My ouma is in die kamp oorlede van honger. Haar laaste woorde was: "My kinders ek sterf van honger."



*Links: Mev M C van Nieuwenhuizen (93).*
*Regs: Haar suster Johanna, gebore na die oorlog.*
*Mev Gerrie le Roux was nie beskikbaar vir die neem van die foto.*